CONF/0002, 92
National Archives
of Namibia

UNITY PROTESTANT CHURCH 1955 ORUUANO

**PROTESTANT UNITY CHURCH (ORUUANO)**

P.O. BOX 7487
PHONE 217686
215405
WINDHOEK

# NASIONALE KONFERENSIE OOR GRONDHERVORMING EN DIE GRONDVRAAGSTUK

**Toespraak gelewer deur**

**Hoogeerwaarde Biskop Azaria C. Kamburona**

**26 Junie 1991**

Meneer die Voorsitter, die Agbare Eerste Minister, Deelnemers aan die Konferensie, die Diplomatieke Verteenwoordigers, Dames en Here,

Dit mag dalk gepas wees om as inleiding van my toespraak te begin met 'n verwysing uit Gen. 3: 17 - 19 wat soos volg lui:

"Jy sal onthou dat toe die eerste mense uit Eden verdryf is, is hulle meegedeel dat die grond dorings en dissels laat uitspruit en dat hulle slegs in die sweet van hulle aangesig kos sou kon kweek."

Van toe af was dit 'n voortdurende stryd teen uitbreidende woestyne, onvrugbare grond, droogte, onkruid, insekte, plantsiekte en misoeste. Alte

dikwels het hongersnood geseëvier, maar hierdie situasie gaan verander word.

Die woestyn en die dorland sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing, want in die woestyn sal waters uitbreek en strome in die wildernis vloei. En gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorlandfonteine van water voorsien word. Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan, vir dissel sal 'n mirteboom opgaan.

Die verwesenliking van God se voornome sal dus beteken dat die mensdom die uiters aangename taak sal hê om die aarde te omskep in 'n pragtige plek wat verewig aan sy bewoners genot sal verskaf.

## Einde van armoede

Almal sal ekonomiese sekuriteit geniet. Die omskepping van woestyne en droogtegeteisterde gebiede sal 'n geweldige vermeerdering van werkbare grond tot gevolg hê. Met die Skepper se toesig, sal die mens daarin slaag om die aarde meer vrugbaar as ooit tevore te maak. Die Here sal voorspoed skenk en ons land sal sy oes gee. -- Psalm 85:13.

## Werkloosheid

Werkloosheid sal aan die verlede behoort. Dit moet verewig uitgewis wees deurdat almal die vrugte van hul arbeid moet geniet.

Almal sal die land moet bewerk, en bewaar elkeen op sy manier. Die een plant en die ander een koop dit. Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put. Hoe lank, luiaard, sal jy bly lê? Wanneer sal jy opstaan uit jou slaap? Nog

'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hand-vou om uit te rus. So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man.

Arbeidsgenot sal 'n soort ekonomiese sekuriteit tot gevolg hê wat in ons land kan seëvier. Die bome van die veld sal hul vrugte gee en die land sal sy opbrengs gee sodat almal daar veilig wees in hul land.

Maar die mense het ook 'n ingeskape begeerte van 'n behoorlike huis en om grond, blomme en bome te plant. Die ander om diere te sorg en op te pas, so sal hulle verskil en hulle moet nie mekaar ignoreer nie. Daar moet tog opening gemaak word sodat duisende boere wat in een krot geprop is, plek iewers kan kry wat redelik aan hulle toegeëien sal word deur die regte kanale. Geeneen van die onredelike, onregverdige toestande sal ooit weer in Namibië aanvaarbaar wees nie. Almal sal graag 'n bevredigende situasie wil geniet. Die armes moet gered word. Die swakkes moet ook versterk word.

In die loop van die jare is daar in ons land op verskillende maniere besluite geneem wat destyds in die verlede van opstanding tot opstanding gelei het. Tog is daar telkens vrede aangekondig en dit was as volg gedoen:

The pledges and plans for the Native races as given at the Berlin Conference of Colonial Powers convened by Prince von Bismarck as recently as 1885, German policy at the time of the annexation was enunciated by an official of

the German Colonial Office in the following terms:

"The decision to colonise SWA could after all mean nothing else but this, namely, that the native tribes would have to give up their lands on which they had previosly gra ed their stock in order that the white man might ha ve the land for the grazing of his stock.

**Von Trotha se uitwissingsoorlog - Augustus 1904 tot Oktober 1904**

Hauptmann von Fiedler het reeds die oggend van Augustus 1904 met 'n groep Hereros slaags geraak wat in die Noordoostelike rigting getrek het: Von Trotha het 'n onderneming aangegaan waartydens hy verklaar het dat die Hereros geskiet en gemartel moet word.

Besittings van die Hereros soos beeste, skape, bokke, perde en donkies is buitgemaak. 'n Jaar daarna het Von Lindequist as Goewerneur oorgeneem.

Op die 1ste Desember 1905 het Von Lindequist 'n beroep tot die Hereros gerig wat soos volg gelui het:

"Sy Majesteit, die Duitse Keiser en Beskermheer van hierdie land, was so goed om my as Goewerneur Leutwein se opvolger te benoem. Sedert Generaal von Trotha wat die Duitse troepe teen julle aangevoer het, 'n paar dae gelede na Duitsland teruggekeer het, is ek die nuwe Goewerneur. Sy vertrek kondig die

einde van die oorlog aan."

"Hereros julle ken my. Vantevore was ek vyf jaar lank in hierdie land en plaasvervanger van die Goewerneur. Dit is nou my begeerte dat die opstand wat julle Hoofmanne en volgelinge op so 'n goddelose wyse begin het, wat die land verwoes het, beëindig word sodat daar weer rus en orde kan wees. Ek doen gevolglik 'n beroep op alle Hereros wat nou nog in die veld en in die berge rondswerwe en van veldkos en diefstal lewe. Kom en lê julle wapens neer."

"Hereros, duisende van julle stamgenote het hulle alreeds oorgegee en word deur die Regering gevoed en geklee. Ek het elke moontlike voorsorgmaatreëls getref dat hulle regverdig behandel word en ek gee julle die versekering dat dieselfde met julle sal gebeur."

"'n Opdrag is gegee dat na 20 Desember 1905, d.w.s. drie weke van vandag af, in Damaraland nie meer Herero standplase opgeruim sal word nie. Ek sal van julle sendelinge daarheen stuur. Hulle sal voorrade saamneem waarmee julle julle groot honger kan stil. As daar van julle is wat nog kleinvee het, sal julle toegelaat word om dit ter wille van julle vroue en kinders daar aan te hou."

Eerwaarde Kuhlmann het die plek Omburo beman en eerw. Willy Diehl het Otjihaenena beman. Op 28 Desember 1905 het die boodskappers met die hulp van Hoofman Nikor Kanagatie Hoveka, wat naby Otjihaenena gewoon, 212

Hereros daarnatoe gebring, daarna 633 en meer.

Om hierdie wond te genees wat in die verlede op die Hereros opgelê is, wil ek vandag net 'n paar gedagtes aan hierdie Konferensie voorstel:

**'n Onderneming moet aangegaan word, dat:**

**1. Alle huidge plaaseienaar moet gelaat word soos dit huidiglik is;**

**2. Die kleinboere moet onder 'n toepaslike skema geplaas word waar hulle geldelike bystand ontvang deur middel van 'n Lnadboukredietskema;**

**3. Die Regering van die dag moet 'n liggaam totstand bring wat sal toesien in watter mate die kleinboere gehelp kan word;**

**4. Die rentekoers op lenings vir beginnersboere moet so laag as moontlik gehou word;**

**5. Laastens, die kommunale gebiede moet aan die inwoners van daardie streek toegeken word, wat deur die stamhoofde beheer kan word. Hierdie streke is nie net vir boerdery bedoel nie, maar ook as 'n toevlugsoord vir bejaardes, afgetredes en vir diegene wat hoegenaamd geen heenkome in die stedelike gebiede het nie.**

Dankie, meneer die Voorsitter.